

Hoofstuk van die dag: Psalm 4

> *Hoe lank gaan julle my eer nog skend, mense, gaan julle valsheid liefhê en voorkeur gee aan leuens? (Ps 4:3)*

Die verwysing na valsheid en leuens in vers 3 gaan bes moontlik oor afgode waarop mense vertrou in plaas van God. Dis natuurlik maklik om ’n keuse te maak tussen God aan die een kant, en valsheid en leuens aan die ander kant. Maar dikwels

doen die afgode hulle nié so herkenbaar voor nie. ’n Afgod is baie keer nie iets boos nie, maar iets goeds wat in ons verwronge harte vir ons ’n té swaar gewig begin dra, sodat ons meer aandag daaraan gee as wat pas. Dit kan ’n vriendskap wees wat jy vertroetel, of ’n sportsoort wat al jou tyd in beslag neem, of besittings of tegnologie, of selfs jou werk wat eerste prioriteit in jou lewe kry.
Calvyn het gesê die mens is ’n afgodsfabriek, want letterlik enige iets kan vir ons in ’n afgod verander. Wat jaag jy na om gelukkig te wees? Lê jy snags wakker oor dinge wat jou pla?
Gee jou sorge vir die Here en los dit by Hom; vertrou Hom daarmee (1 Petrus 5:7).

Naskrif: Môre begin ons met 1 Timoteus.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026